# DIE NG GEMEENTE KOVSIEKAMPUS AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF 1981-2004

**Charl le Roux**•

***Summary***

*The Dutch Reformed Congregation of the Kovsie Campus is in the unique position to be the only student congregation to dispose of its own church building on a university campus (the University of the Free State) and to be run, almost exclusively, by the student leaders of the church. The congregation was part and parcel of the Universitas Congregation until 1986, when it became independent. Despite the concern expressed in the local student press and in church publications about the decline in student attendance figures, not only in the country generally, but also in the Dutch Reformed Congregation of the Kovsie Campus, the church council successfully reorganised the presentation of its services and vocal music to satisfy the spiritual needs of both the traditional church-goer and those students who prefer an innovative church liturgy. In the ensuing process the church council also reformed the organisation of its services (including its multicultural services) in the university hostels, the suburbs and in the city where the students have their dwellings. The outcome was an increase in service attendance figures and the expansion of the activities of the service groups to meet the aims of successful congregational building.*

---

## 1. INLEIDING

Studentebearbeiding aan die ouer universiteite van Kaapstad en Stellenbosch is aanvanklik, weens die relatief klein studentetalle, gesien as 'n integrale deel van die gemeentelike opset en so hanteer. So was dit ook in Bloemfontein nadat die Grey-universiteitskollege (Universiteit van die Vrystaat) in 1904 gestig is. Eers omstreeks 1950 is studentebearbeiding in besonder belig toe sekere gemeentes in Suid-Afrika dit as deel van hulle kerklike opdrag ontvang het. In Bloemfontein het die NG Kerk van die Bloemfontein-Wesgemeente sedert 1945 ook as studentekerk diens gedoen, toe die eerste studenteleraar, ds. Andries van der Merwe, beroep is. In 1966, een en twintig jaar later, het die gemeente Universitas met ds. BJ Cronje en ds PB Botha afgestig om die studente- en gewone gemeentelike bearbeiding te behartig. Terselfdertyd is die skakel tussen die kerk en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat versterk toe dr. DJ Louw, predikant van die Bloemfontein-

• Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Wesgemeente, op die raad van die universiteit verkies is.[1] Die totstandkoming van die NG Gemeente Kovsiekampus (steeds onder die vlerk van die gemeente Universitas), het op 2 Augustus 1981, met die ingebruikname van die voltooide kerkgebou op die kampus van die universiteit, plaasgevind. Die weidingsrede is deur die studenteleraar, ds. PB Botha gehou, voorafgegaan deur die gelukwensing van die rektor van die universiteit, prof. WL Mouton.[2]

Die jaar 1981 verteenwoordig wel die ingebruikname van die Kovsiekerkgebou, maar eintlik is 1986 'n betekenisvoller datum vir die kerk, omdat toe van die moedergemeente, Universitas, waar dit slegs as 'n studentewyk gefunksioneer het, afgestig is, om daarna selfstandig op te tree. Daarom is dit ook die doel van die artikel om vas te stel of die nuwe, selfstandige NG Gemeente Kovsiekampus die studente geestelik, sosiologies en opvoedkundig gebaat het, veral in terme van studentebearbeiding en kerkvernuwing in liturgiese verband, die diensaksies en multikulturele bediening. Studente is 'n eiesoortige groep mense wat slegs ongeveer agt maande van die jaar op kampus is. Die vraag is in hoeverre die nuwe kerklike opset daarin geslaag het om hulle suksesvol by die kerklike aktiwiteite te betrek, veral in die lig van die afplatting in kerklike meelewing in die NG Kerk rondom 1990. Fisies was die Kovsiekerkgebou wel groot genoeg om sy verantwoordelikhede na te kom, aangesien dit sitplek vir ongeveer 2000 studente gebied het, teenoor die 1200 sitplekke van die Universitaskerk wat die studente met die res van die gemeente gedeel het.[3]

Die artikel wil ook kerklik-histories 'n bydrae lewer tot die geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat (wat in 2004 'n 100 jaar oud is), omdat die NG Gemeente Kovsiekampus uiteraard deel is van die akademiese opset van die universiteit. Beide instellings het sedert die vroeë negentigerjare van die vorige eeu 'n vernuwingsproses deurloop, deels weens die politieke omwenteling in die land, maar verder in die geval van die Kovsiekerk, om die diversiteit van denke in studentegeledere in 'n nuut opgesette liturgie (erediens, sang en musiek) te huisves.

## 2. ORGANISASIE VAN DIE NG GEMEENTE KOVSIEKAMPUS

As voorspel tot die inrig van die studentegemeente in die nuwe Kovsiekerk in 1981, is reeds in 1974 'n studentewykskerkraad in die NG Gemeente Universitas in die

1 JG Gillmer, **Ontstaan en ontwikkeling van die NG Gemeente Kovsiekampus aan die UOVS, 1976-1986: 'n Historiese perspektief** (MA, UOVS, 1990), pp. 13-24; NG Kerkargief, Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Handelinge van die Sinode, 1964, pp. 194-5 en 1968, p. 142 en 1972, p. 192.

2 Vgl. verdere besonderhede oor die bou- en feesprogram in NG Gemeente, Universitas, Studentewyk, Notules 1979-1981; Gillmer, pp. 70-8.

3 **Kovsieland**, November 1977, p. 3 en November 1980, p. 6; **Die Kerkbode**, 29 Junie 1990, p. 2 en 27 Januarie 1988. Hoofartikel, p. 6.

lewe geroep, in 1980 gevolg deur 'n kerkkantoor op die kampus, beman deur twee dames, MJE (Marie) Zietsman en MM (Marietjie) Schoeman. In 2004, vier en twintig jaar later, is Marie Zietsman op bekwame wyse steeds aan die stuur van die kantoor, bygestaan deur CHM (Celia) Venter, om die finansiële boekhouding, skribaat en algemene administrasie te behartig.[4]

Die organisasie van die studentewykskerkraad was omvangryk. Dit het hoofsaaklik ooreengestem met die kerkraad van 'n gewone NG gemeente, bestaande uit die studenteleraars, ouderlinge, diakens en die dameswerksters in die dameskoshuise. Voor selfstandigwording in 1986 is die ouderlinge hoofsaaklik gekies uit die lidmate wat as huisouers binne die studentewyk van die Universitas-gemeente gewoon het. Sedert die totstandkoming van die Fakulteit Teologie in 1980, is die senior teologiestudente ook as ouderlinge gekies. Die diakens was aanvanklik manstudente, maar in 1982 het die algemene sinode vroue as diakens toegelaat en is damestudente gevolglik ook as diakens gekies.[5]

Sedert 1983 is deeltydse dameswerksters teen vergoeding aangestel om die studenteleraars in die dameskoshuise van hulp te wees. Die eerste persoon wat so aangestel is, was I (Ina) Snyman. Die dameswerksters het vele take gehad soos groeps- en persoonlike gesprekke in hulle onderskeie dameskoshuise om persoonlike en algemene probleme van die studentelidmate met hulle te bespreek en namens studente afsprake met die leraars te reël. Hulle het ook siekes besoek, koshuiskerkraadsvergaderings en Bybelstudiebyeenkomste help organiseer, waarna hulle elke semester skriftelike werkverslae aan die studentewykskerkraad vir kennisname voorgelê het. Die dameswerksters het nie die leraars, ouderlinge en diakens in die koshuise vervang nie, maar het in samewerking met hierdie persone 'n belangrike aanvullende rol tot studentebearbeiding in die koshuise vervul.[6]

In 1981, toe die nuwe Kovsiekerk in gebruik geneem is, is die 3100 studentelidmate in die koshuise, deur slegs drie voltydse studenteleraars bedien. Die drie leraars was dr GPV (Viccie) le Roux, prof SA (Sybrand) Strauss en ds EJ (Eduan) Hay. Nadat prof Strauss in 1983 as studenteleraar bedank het, het ds CJ (Christo) Louw oorgeneem as derde leraar. Na die aanstelling van ds AMS (Greta) Heymans in 1994 om bearbeidingswerk in die dameskoshuise te doen, is die poste van die dameswerksters uitgefaseer om geld te bespaar.[7]

---

4 Onderhoud met MJE Zietsman, Kovsiekerk, Bloemfontein, 16 Augustus 2004.

5 NG Gemeente Universitas, Lêer Studenteleraars, Verslag van Studentewykskerkraad oor studentebearbeiding aan UOVS, Mei 1977.

6 NG Gemeente Universitas, Kerkraadsnotule, 11 Junie 1976 en 17 Oktober 1983.

7 **Die Skietlood**, Feesuitgawe 1981-2002, Augustus 2002, p. 3; NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule, 28 Februarie 1988, p. 2; Onderhoud met MJE Zietsman, Kovsiekerk, Bloemfontein, 16 Augustus 2004.

In 1986 was daar reeds 21 koshuise op die kampus met agt koshuiskerkraadslede per koshuis en 850 lidmate per leraar (2550 lidmate). Hieruit volg dat die studentewykskerkraad van die NG Gemeente Universitas inderdaad 'n uitgebreide organisasie in die koshuise in stand gehou het. Die koshuiskerkrade wat dateer uit die tydperk voordat die Kovsiekerk in 1986 onafhanklik geword het, het die gesag en invloed van die kerkraad in die mans- en dameskoshuise versterk. Hierdie kerkrade het uit die kringleiers van die diensgroepe, die dameswerksters en die lede van die koshuis komitees bestaan om die leraars, ouderlinge en diakens (wat oorhoofse leiding by vergaderings uitgeoefen het) in die koshuise te help met reëlings vir Bybelstudie, gebedsbyeenkomste, die insameling van dankoffers en toesighouding oor die werksaamhede van die diensgroepe (sending, evangelisasie en barmhartigheid). 'n Goeie verstandhouding en samewerking tussen die betrokke huiskomiteelede en die lede van die koshuiskerkrade was uiteraard 'n voorvereiste vir die doeltreffende bearbeiding van die studente. Dit was veral die geval met Nagmaalbediening tydens 'n kerkdiens in die koshuis, een tot twee keer per kwartaal. Die primarius maak dan al die laatslapers wakker, sodat hulle die Nagmaalbediening in die ontspanningsaal (gesellie) van die koshuis kan bywoon.[8]

Soos die geval met die kerkraad van enige NG gemeente, het die studentewykskerkraad van die NG Gemeente Universitas hom ook laat bedien van 'n verskeidenheid kommissies met bepaalde funksies. Naas die kerkraad het die kommissies 'n bepalende rol in die organisasie van die gemeente gespeel, veral nadat die diensaksies in 1986 by die kommissies ingeskakel is. Die eiendomskommissie het na die kerkgeboue en -grond omgesien, die finansiële kommissie na die insameling en besteding van geld en die opstel van die jaarlikse begroting, die kommissie vir leer en aktuele sake het oor afwykende gedrag en leerdwalinge gewaak en voorligting oor kontensieuse sake verskaf.[9]

Die kommissie vir gemeentebou en hernuwing het na die onafhanklikheid van die Kovsiekerk 'n toenemend belangrike rol in die liturgie en die toelating van anderskleuriges gespeel. Nog 'n belangrike funksie van hierdie kommissie is om die eerstejaarstudente geestelik geborge te laat voel deur middel van die Bybelstudiekringe in die koshuise, ontspanning in die koffiekamer, die organisasie van die Kovsieweek net na die jool om hulle by die bespreking van godsdienstige temas, bidure en sang te betrek, die Kougomkamp en WIW-week. Die Kougomkamp by Maselspoort vroeg in die akademiese jaar is gewild. Die eerstejaars maak dan kennis met die verskillende diensaksies sodat hulle deur middel van toerustingskursusse maklik by die gemeente kan inskakel. Die WIW-week staan vir

8 Gillmer, pp. 114-6; NG Gemeente Universitas, Lêer Studenteleraars, Ongeklassifiseerde dokument: struktuur van kerkraadskommissies, ongedateer.
9 **Ibid**.

"Waarhede-in-Weegskaal" en vind plaas voor intervarsity. Tydens dié week is daar vyf aanddienste met 'n deurlopende tema, 'n spreker wat ook beskikbaar is vir persoonlike onderhoude en 'n vroeë biduur die Vrydagoggend. Albei dié weke is geestelik verrykend.[10]

Na afstigting van die studentewyksgemeente van die gemeente Universitas in 1986, het die kerkorganisasie van die nuwe NG Gemeente Kovsiekampus wesenlik dieselfde gebly. Weens die toenemende studentetal en -behoeftes en omvangryke werk van die diensaksies, is bykomend voorsiening gemaak vir 'n adviesraad van sewe lede (hoofsaaklik akademiese personeel, om die leraars en kerkraad oor akademiese sake op die hoogte te hou) en twee kommissies - die beplanningskommissie en die kommissie vir ampsbediening en evangelisasie. Die beplanningskommissie het oor twee belangrike subkommissies beskik, naamlik die kommissie van gemeentelike studenteleiers om die studenteaksies te monitor, evalueer en ondersteun en die toerustingskommissie om vaardighede en kennis aan die gemeenteleiers oor te dra vir die doeltreffende uitvoering van die gemeenteprogramme en -aksies.[11]

Die kommissie van gemeentelike studenteleiers met sy gemeentekomitee het veral in die brandpunt gestaan, aangesien die lede, wat studente en kringleiers van die diensgroepe en -aksies was, die leraars oor 'n breë spektrum van hulp was. Individuele komiteelede het hulp verleen met die administrasie van kerkeiendom, die organisering van kampe waar hulle en die kringleiers in skolingskursusse optree en hulle het die leraars op die hoogte gebring van besondere studentebehoeftes soos morele vraagstukke of voorstelle vir die doeltreffender aanbieding van die erediens - 'n vraagstuk wat in die negentigerjare aktueel was. Die gemeentekomitee het prakties gesproke die gemeente bestuur, aangesien dit, na gelang van behoefte, weekliks of tweeweekliks vergader om in samewerking met die leraars reëlings te tref, opdragte uit te voer, maar ook voorstelle te maak. Die studenteleraar, dr. Le Roux, het na 30 jaar van studentebediening in 2002, sy waardering uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop die lede hulle funksies uitgevoer het. Die gemeentekomitee, beman deur studente, het op selfstandige wyse die NG Gemeente Kovsiekampus vir die studente bestuur.[12]

Die kommissie vir ampsbediening en evangelisasie het ook oor twee subkommissies beskik, een vir ouderlinge en een vir diakens om kwartaalliks verslag oor die werk van die ouderlinge en die diakens te lewer. Die twee subkommissies het die

---

10 **Ibid**.; NG Gemeente Universitas, Studentewyk, Kerkvisitasieverslag, 12 Maart 1986; NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkvisitasieverslag, 26 Februarie 1989, 25 Februarie 1990 en 25 April 1993.

11 NG Gemeente Kovsiekampus (Bylaag C), 5 Maart 1989 en 3 September 1989.

12 NG Gemeente Kovsiekampus (Bylaag C), 30 Oktober 1988; Onderhoud met dr. GPV le Roux, Kovsiekerk, Bloemfontein, 2002.

veeleisende taak om die studente binne en buite die koshuise doeltreffend te bearbei, beklemtoon. Die erns waarmee die kerkraadslede hulle werk bejeën het, blyk uit die gewilde kerkraadskampe wat jaarliks deur die koshuise ter wille van spangees, jaarbeplanning en doelwitte gehou is. Een so 'n kamp was dié van Huis Soetdoring en JBM Hertzog in 1997, wat as die "beste kerkraadskamp ooit" beskryf is.[13]

### 3. DIE DIENSGROEPE EN HULLE AKSIES

Die ideaal van die studenteleiers van die Kovsiekerk om 'n dienende gemeenskap te wees, het uiting gevind in die diensgroepe en -komitees van die kerkraad. Die aksies is suksesvol bedryf, ten spyte van die tendens by lidmate om eerder toeskouers te bly as om self deel te neem. Die gevolg is dat dieselfde kerngroep by die aksies betrokke is en met werk oorlaai is.[14]

In 1982, in die nuwe Kovsiekerk, het 'n nuwe era vir die diensgroepe en hulle aksies aangebreek. Voortaan sou die doen en late van die diensaksies in 'n enkele jaarverslag vir die aandag van die studentewykskerkraad opgeneem word, sonder om soos voor 1982, ook aan die studenteraad van die universiteit verslag te doen. Die kerkjeugaksie van die kerkraad sou voortaan as die Kovsie-KJA bekend staan, om dit te onderskei van die jeugaksies van die ander NG-gemeentes, kerkorganisasies en tersiêre inrigtings. Sedert 1982 het 'n student as voorsitter van die Kovsie-KJA opgetree, in plaas van die studenteleraar. Die eerste voorsitter was Francois Tolmie. So het die enkele verslag van die Kovsie-KJA aan die kerkraad, met sy studentevoorsitter, die aksie in 1982 tot volwassenheid gebring.[15]

Die werksaamhede van die Kovsie-KJA is omvattend. Die diensgroepe behels sending, evangelisasie en die diens van barmhartigheid, wat oor 32 diensaksies beskik en waarby enige studentelidmaat kan inskakel. Daar is ook dienskomitees, bestaande uit verkose lidmate, wat sekere werksaamhede organiseer soos Kovsieweek, ontspanning, en destyds ook die *Pro-Ecclesiakoor.* Geld om die aksies van die diensgroepe te finansier word deur die jaarlikse fiets-, draf- en staptoere van die Kovsie-KJA ingesamel. Die aksies is altyd goed georganiseer en is finansieel suksesvol. Die fietstoer van 1976 het R8 000 ingesamel, terwyl die toer van 2004 die bedrag verdubbel het tot R17 000. Die ingesamelde geld stel die diensgroepe in staat om selfstandig te funksioneer. Die sendingfietstoer van Maart 1999 was 'n gedenkwaardige toer, aangesien hierdie 27ste fietstoer deur pastoor Cassie van den Berg georganiseer is. Hy het ook die eerste fietstoer in 1972

---

13 NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule (Bylaag C), 30 Oktober 1988, 5 Maart 1989 en 3 September 1989; **Irawa**, 3 Maart 1997, p. 11.

14 NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule (Bylaag A), 20 Oktober 1996.

15 NG Gemeente Universitas, Studentewykkerkraadsnotule, 11 Oktober 1982, p. 154; **Die Kerkbode**, 23 September 1981, p. 3.

georganiseer. Die toere strek oor 1000 kilometer deur die skilderagtigste dele van Suid-Afrika soos die Oos- en Wes-Kaap, en selfs in naburige state soos Mosambiek, waar die hawestad Maputu in 2003 besoek is.[16]

Die groot kommer in kerklike kringe in Suid-Afrika oor die toenemende sedelike verval in die samelewing en spesifiek drank- en dwelmmisbruik en voorhuwelikse gemeenskap onder studente, het die ernstige behoefte aan intensiewe sending- en evangelisasieaksies beklemtoon, ten spyte van die waardering van die Britse sendingkundige, Patrick Johnstone, dat die Christendom nog nooit so gegroei het soos op die vooraand van 2000 nie. Die behoefte is wel deeglik deur die Kovsiekerkraad besef. Die Kovsiesending wat in 1982 reeds 21 jaar oud was, is aktief deel van die NG Kerk se sendingveld wat Suid-Afrika, Lesotho, Zimbabwe, Zambië, Mosambiek, Malawi, Botswana, Namibië, die VSA en selfs Europese lande soos Rusland, België, Frankryk en Egipte (in Afrika) insluit.[17]

Ds. HA Kahmnkhwani van die Nkhoma-sinode in Malawi het in 1986 gewys op die noodsaak om die jeug by sendingwerk soos kerkbou, Bybelstudie en -verspreiding, gebedsbyeenkomste, huisbesoek en die vertoon van films in te skakel. Inderdaad is dit juis wat die Kovsiesending in vyf Suider-Afrikaanse streke doen, naamlik Lesotho, waar ds. Frans Fouché, gesetel in Ficksburg in 2004, drie gemeentes onder sy vlerk het; Swaziland (insluitend die distrik Kangwane); Durban (Hindoes en Moslems); die *Home of Hope*-kinderhuis by Mchinji in Malawi en die sendinghospitaal en -skool by Nyanje in Zambië. Nader tuis, op Suid-Afrikaanse bodem, het die Kovsiesending 1988 as sendingjaar op Tarkastad in die Oos-Kaap gevier, waar die swart dorpenaars en plaaswerkers reeds vier jaar sonder 'n evangelis was. Ter bevordering van die sendingopdrag het die Kovsiekerk sedert 1989 jaarliks ook 'n sendingweek of -naweek aangebied - 'n stap wat hom die volgende jaar egter nie gevrywaar het van kritiek nie - dat hy meer ondersteuning aan sy sendingaksies in Bloemfontein onder die Asiatiese inwoners soos die Japannese kon verleen, benewens die sendingaksies op die kampus, in die swart woonbuurt Mangaung, en in die woonbuurt vir bruin mense.[18]

16 **Ibid**.; NG Gemeente Universitas, Studentewykkerkraadsnotule, 4 Maart 1985, p. 448; **Irawa**, 16 Maart 1999, p. 5 en 12 Februarie 2003, p. 4; **Die Skietlood**, Augustus 2002, Mei 2004 en September 1990. Daar is verwarring oor die datum van die eerste sendingfietstoer. Volgens **Die Kerkbode**, 17 Maart 1989, p. 3 en 5 Junie 1998, pp. 1 en 16 vind die eerste sendingfietstoer in 1973 of in 1975 plaas. **Die Skietlood**, Augustus 2002 stel die datum op 1976.

17 **Die Kerkbode**, 25 Maart 1987, p. 4, 27 Januarie 1988. Hoofartikel, p. 6 en 15 Oktober 1986, p. 2.

18 Ibid., 25 November 1988, p. 3, 5 Junie 1998, pp. 1 en 16, 28 Maart 2003 (Bylaag: Getuies), p. 1; **Die Skietlood**, Maart 1987, p. 9, Februarie 1987, pp. 5 en 8, Mei 2002, p. 3 en Augustus 2003, p. 4; NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule, 21 Mei 1989 en Kerkvisitasieverslag, 25 Februarie 1990.

Die evangelisasiewerk van die Kovsiekerk, wat in Bloemfontein en by vakansie-oorde in die binneland en aan die kus plaasvind, het in 2004 steeds van krag tot krag gegaan. In Bloemfontein vind evangelisasieaksies plaas by die hospitale, die Tempe-militêre basis en die Hoërskool Rosenhof vir meisies. Die vyftien bestuurslede van die koffiekamer is betrokke by die beplanning van byeenkomste by Tempe en die Hoërskool Rosenhof. Die evangelisasiebediening ontleen sy stukrag ook aan *Polslag*, die middestadbediening van die Kovsie-KJA, wat die straatkinders uit die strate by projekte soos papiervervaardiging en in 2004 ook by groenteverbouing probeer betrek. *Karpos,* die eksperimentele teatergroep van die Kovsiekerk, het die afgelope paar jaar deur middel van sy mimiek-aksies in die plaaslike kerke en skole, soos sy 2004-produksie, "Blind", ongelooflike impak op die skoliere en studente uitgeoefen.[19]

Anders as die sending- en evangelisasieaksies, is die barmhartigheidsaksie van die Kovsiekerk hoofsaaklik op inrigtings in Bloemfontein gerig. Die aksie, wat deur die jare goed deur die studentelidmate ondersteun is, word deur die geldelike bydraes van die staptoere gefinansier. Vrugbare werk by wyse van sang, Bybellees en gebed, geskied by die Universitas Hospitaal, Ons Kinderhuis en die Mooihawe-tehuis vir bejaardes. Voor 2000 het die barmhartigheidsaksie ook die Lettie Fouché Nasorgsentrum, die Oranje Hospitaal (vir geestelik versteurdes) en die Gedenk Kinderhuis op Ladybrand betrek. Hierdie laasgenoemde aksies is egter weens gebrek aan geld en voldoende ondersteuning en die omvang wat die barmhartigheidstaak aangeneem het, gekanselleer. Die barmhartigheidswerk by eersgenoemde inrigtings is multikultureel en vind groot byval by al die inwoners - 'n gesindheid wat die studente aangespoor het om hulle barmhartigheidswerk entoesiasties voort te sit.[20]

## 4. KERKAFVALLIGHEID EN STUDENTEBEARBEIDING

Studentebearbeiding is 'n sentrale tema in die organisasie van enige studentekerk. Die feit dat 55,6% van die land se bevolking en meer as die helfte van die NG Kerk se lidmate jongmense (jonger as 24 jaar) is, onderstreep die belangrikheid van studentebearbeiding. Dit is ook beaam deur die verslag oor die jeug van Suid-Afrika, opgestel in 1987 deur die komitee vir maatskaplike aangeleenthede van die Presidentsraad. Daarom was die afname aan studentebywoning van eredienste in die Kovsiekerk in 1983 'n onrusbarende tendens wat die kerkraad genoop het om na die oorsake van sodanige tendens te vra met die oog op regstellende maatreëls. Dat

19 NG Gemeente Universitas, Studentekerkraadsnotule, 28 Februarie 1983, p. 185; **Die Skietlood**, Februarie 1987, Februarie 1989, Januarie 2004; **Die Kerkbode**, 24 Julie 1992 (Ringbylaag), p. 3; **Die Volksblad**, 24 September 1998, p. 4.

20 NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkvisitasieverslag, 26 Februarie 1989, 21 April 2002 en Kerkraadsnotule, 3 September 1989; **Die Skietlood**, Augustus 2002 en Januarie 2004.

dit nie 'n tendens van verbygaande aard was nie, het die kerkraad vier jaar later, in 1987, wel deeglik besef, toe daar in die tweede kwartaal, weens 'n gebrek aan studente, slegs een aanddiens plaasgevind het. Sekere belangrike oorsake was vir dié geloofsverflouing en gevolglike studenteafvalligheid van eredienste verantwoordelik. Dit was nie bloot die koue wintersaande of te veel akademiese werk wat die studente van kerkbywoning weerhou het nie.[21]

Die beplanningskommissie van die studentewykskerkraad het in 1983 leemtes in die bedieningsmetodiek van die kerkraadslede en in die organisasie van die koshuiskerkrade ontdek wat inhiberend op die geestesgesteldheid van die studente ten opsigte van kerkbywoning ingewerk het. Veral die reëling dat slegs een ouderling en een diaken verantwoordelikheid vir 'n koshuis moes aanvaar, benewens huisbesoeke aan studente buite die koshuise in woonstelle en huise, het 'n groot werklas op die twee persone geplaas en hulle verhinder om al die studentelidmate gereeld te besoek.[22]

Op aanbeveling van die kommissie vir ampsbediening het die studentewykskerkraad in 1985 verskeie aanpassings in die bedieningsmetodiek van die kerkraadslede aangebring om die geestelike bearbeiding van die koshuisstudente effektiewer te maak. Die getal wyke en kerkraadslede in die koshuise is vermeerder vir intensiewer bearbeiding en om terselfdertyd die werklas van die kerkraadslede te verlig. Ook die koshuiskerkrade is doeltreffender georganiseer deur die aanstelling van 'n skakelpersoon in elke koshuis om samewerking in die kerkaksies tussen lede van die kerkraad, koshuiskerkraadslede en die studentelidmate te bevorder. Die studenteleraars sou voortaan, tydens die verkiesing van lede van die koshuiskerkrade, in adviserende hoedanigheid teenwoordig wees om deeglik oor die geesteskwaliteite van voornemende lede te besin. As lede van die koshuiskerkrade is die diensaksielede, kringleiers en dameswerksters deur middel van skolingseminare vir hulle bedieningstaak toegerus. Die kerkkantoorpersoneel is vermeerder om die administratiewe las van die drie studenteleraars te verlig, sodat die leraars meer aandag aan bearbeidingswerk kon gee.[23]

Vir die Kovsiekerkraad was die stryd teen geloofsverflouing en kerkafvalligheid in die vroeë negentigerjare egter nog geensins gewonne nie. Trouens, volgens die visitasieverslag van 1990 was daar steeds 'n sekere persentasie studentelidmate wat strydig met hulle Christelike belydenis geleef het. Die meeste kampusse het in dié tyd 'n algemene afplatting in kerklike meelewing ervaar - by sommige soveel as

21 **Die Skietlood**, Mei 1987 en November 1986; **Die Kerkbode**, 8 Julie 1987, p. 1.

22 NG Gemeente Universitas, Studentewykkerkraadsnotule, 8 Augustus 1983, pp. 240-1, en Spesiale Studentewykkerkraadsnotule, 20 September 1983.

23 NG Gemeente Universitas, Studentewykkerkraadsnotule, 12 Augustus 1985 en Kerkvisitasieverslag, 2 Maart 1986.

20%. In die geval van die Kovsiekerk het die lidmaattal afgeneem van 3100 in 1981 tot 'n onrusbarende 2100 in 1990. Die afplatting was veral by erediensbywoning, die inskakeling by Bybelstudiegroepe en die dalende dankofferbydraes sigbaar. Die studenteleraarskonferensie van NG-studenteleraars landwyd, wat jaarliks vergader, was deeglik van hierdie tendens bewus, veral nadat die kerksensus van 1996 getoon het dat die dooplidmaattal ouer as 21 jaar, wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, van 1993 tot 1996 met bykans 12% gestyg het. Dié persentasie verteenwoordig ongeveer 42 453 potensiële belydende lidmate wat die kerk iewers langs die pad verloor het.[24]

Uit die tanende kerkbywoning en die dalende dankofferinkomste van die studente het geblyk dat die Kovsiekerk die lojaliteit van die studente nie meer as vanselfsprekend kon aanvaar nie. Die kerk sou voortaan sy gesag moes verdien, sodat die student weer sy gevoel van verantwoordelikheid teenoor die kerk ervaar. Om sy gesag onder die studentekorps te versterk, moes die kerk (soos die ander studentekerke en kerke wat jeugbediening verrig) rekening hou met die veranderde profiel van die student (hoe die student vandag lyk, voel en dink). Sy profiel, gestimuleer deur sy botsende ervaring van die inligtingstegnologie en die daaglikse ervaring van angs weens misdaad en onsekere ekonomiese lewensomstandighede, het soveel verander dat studentebearbeiding nie bloot meer die tradisionele bedieningspatrone kon volg nie. Trouens, gesaghebbende kerklike stemme soos dié van ds. Mike Smuts, skriba van die algemene kommissie vir ampsbediening en evangelisasie van die NG Kerk, die sinodale kommissie van die NG Kerk in die Vrystaat en 'n korrespondent van *Die Kerkbode*, het sonder meer verklaar dat daar 'n ernstige behoefte bestaan aan herbesinning oor die lewensituasie van die student, bedieningspatrone en algemene Christelike verdieping in die kerk.[25]

Die studente is, soos die jeug in die algemeen, na alternatiewe charismatiese kerkorganisasies getrek, waar sy emosies, na sy mening, bevredigend aangespreek word. Dié neiging is gestimuleer deur die groeiende heterogeniteit onder die studente wat besondere bedieningseise aan die bedieningspatrone van die NG-studentekerk gestel het. Inderdaad het dit vir die studentekerke steeds moeiliker geword om die groeiende verskeidenheid lewenshoudings en geloofsoortuigings, soos deur die charismatiese kerke verteenwoordig, in 'n enkele bedieningspatroon te huisves.[26]

24 **Die Kerkbode**, 1 September 2000, p. 3 en 3 Mei 1996, p. 8; **Jaarboek van die NG Kerke**, Jaargang 132, 1981, p. 120 en Jaargang 141, 1990, p. 126.

25 **Die Kerkbode**, 3 Mei 1996, p. 14, 11 Februarie 1987, p. 8, 4 November 1988, p. 4 en 25 November 1988, p. 5.

26 **Die Kerkbode**, 3 Mei 1996, p. 14.

Die aktualiteit van doeltreffende bedieningspatrone is vervolgens op twee belangrike NG Kerkkonferensies in Stellenbosch beklemtoon - die studenteleraarskonferensie in 1989 en die konferensie van NG studenteleiers in 1990. Die studenteprofiel, bedieningspatrone, die ideale studentegemeente, diensaksies en die sendingtaak, is bespreek. Die Kovsiestudente het op die konferensie van NG studenteleiers 'n wesenlike bydrae tot die besprekings gelewer. Phillip Voigt, wat Hennie Pienaar in 1990 as voorsitter van die Kovsiekerk se gemeentekomitee opgevolg het, het die rol wat die diensaksies, met hulle kring/studenteleiers, maar ook die studenteleraars, kon speel om die ideale studentegemeente te bou om geloofsverflouing te bekamp, beklemtoon.[27]

Die kerkraad van die Kovsiekerk was bewus van die debat rondom die erediens, die emosionele en geestelike behoeftes van die student en hoe hierdie behoeftes aangespreek kan word. Soos die NG Studentekerk van die Universiteit van Stellenbosch, het die kerkraad in die loop van die negentigerjare toenemend besef dat dit vir die kerk en sy lidmate belangrik was om oor 'n eie, trotse identiteit te beskik. In 1991 het die effektiwiteit van die erediens nadruklik ter sprake gekom, toe die Vrystaatse algemene sinode die kerkraad om insette oor die atmosfeer in die erediens en liturgiese kreatiwiteit versoek het. Dr. Le Roux, studenteleraar van die Kovsiekerk sedert 1972, onderskei twee groepe studente. Die een groep is meer behoudend en verkies die tradisionele bedieningspatroon. Die ander groep, met vernuwende denke, wat veral by die diensaksies betrokke is, gee voorkeur aan die eksperimentele vorms van eredienste om 'n groter verskeidenheid godsdienstige oortuigings te akkommodeer. Hierdie groep verkies ook 'n meer prominente rol vir musiek, sang en tromme. Dr. Hay, ook studenteleraar van die kerk (1977-1985), beklemtoon dat musiek en sang belangrik is, want dit spreek tot die emosie van die jongmens en stimuleer hom/haar om aktief by die diens en sy aksies betrokke te raak, om so tot egte belewing van die evangelie te kom.[28]

Riglyne oor sang en musiek het in 1992 in die Kovsiekerk aan die beurt gekom. Die kerkraad het toegegee dat die NG Kerk relatief arm is aan goeie, stylvolle, ondersteunende en inspirerende gemeentesangbegeleiding. Gevolglik is besluit dat enige musiekinstrument wat geskik is vir begeleiding binne die akoestieke ruimte van die kerkgebou en binne die konteks van die erediens, toelaatbaar is. Die kerkraad het, by monde van sy eredienskommissie in 1995, dit goed gevind om liedere wat nie in die amptelike liederebundels voorkom nie (alternatiewe liedere), ook tydens eredienste te sing. Die basiese kriterium vir sulke alternatiewe liedere is

27 **Die Kerkbode**, 12 Januarie 1990, p. 13; **Die Skietlood**, Februarie 1990, p. 4 en Mei 1990, pp. 1-2 en 4.

28 **Die Kerkbode**, 17 Augustus 2001 (Bylaag: Ons Jeug), p. 4; EJ Hay, "Daar is ook jongmense in die erediens", **Die Fakkel**, 1992, pp. 9-10; Onderhoud met dr. GPV le Roux, Kovsiekerk, Bloemfontein, 2002.

of die lied dien tot die geloofsopbou van die gemeente. In 2003 is Engelse liedere aanvaar as deel van die voorafsang en die erediens, indien daar nie 'n Afrikaanse lied is om die prediking te ondersteun nie. Tromme is wel toelaatbaar met voorafsang en lofprysingsdienste, maar nie tydens die erediens nie. *Helios* is die naam van die Kovsiekerk se eie "Praise and Worship Band", wat elke Sondag tydens die voorsang met die aanddiens optree. Woensdagaande lei *Helios* die studente met informele lofprysingsliedere. Die *Pro-Ecclesiakoor* wat in 1986 gestig (maar intussen ontbind) is, het ook die beeldbouaksie van die kerk vertolk met koorsang van 'n meer tradisionele aard. Die koor het gereeld tydens eredienste in die Kovsiekerk en in ander kerke opgetree.[29]

Na die opstel van nuwe riglyne vir musiek en sang, is verskillende soorte eredienste in die Kovsiekerk aangebied om so ver moontlik in die verskillende behoeftes van die studente te voorsien, soos die tradisionele diens afgewissel met 'n getuienis-diens. Studente van ander rassegroepe soos Indiërs, swartes en bruin mense het reeds so getuienis gelewer. Daar is ook die *Karpos-bediening*, die drama- en musiekgroep van die kerk, wat oorneem nadat die leraar ongeveer 20 minute gepreek het. Ofskoon die kerkraad vasbeslote is dat Woordverkondiging deel bly van elke diens, is dit ontvanklik vir nuwe idees. Nadat die Vrystaatse jeugsinode in September 2003 klem gelê het op preke wat inspireer en die lidmate aanspreek met eklektiese liturgie soos 'n lewendige orkes, toneelspel en dramatiese voorstellings, het die kerkraad dieselfde jaar 'n gespreksgroep in die lewe geroep om met nuwe idees oor die wyse van oordrag van die evangelieboodskap te kom, sonder om die beproefde Christelike geloofswaarhede te versaak. Die toenemende deelname van studente binne en buite die koshuise aan kerklike bedrywighede soos die diens-aksies en toere, is deur dr. Le Roux toegeskryf aan die suksesvolle, byderwetse vernuwing van die eredienste, musiek en sang.[30]

In opvolging van die vernuwing in die liturgie, het die kerkraad van die Kovsiekerk sy studentebearbeiding in die negentigerjare doelbewus en planmatig voortgesit om afvallige studente en studente buite die koshuise ter wille van gemeentebou weer in te trek. Die kerkraad het kontrole uitgeoefen oor die besoeke, verkieslik vier keer per jaar, van ouderlinge aan die koshuisstudente, studentewonings en woonstelle. Hulle effektiwiteit is verhoog deur die gereelde besinning oor die grootte van wyke en die benutting van damestudente as ouderlinge. Deur middel van individuele ge-

29 NG Gemeente Kovsiekampus, Visitasieverslag, 13 April 2003 en Kerkraadsnotule, 24 Mei 1992, 3 September 1995 en 7 September 2003; **Die Kerkbode**, 26 September 2003 (Bylaag: Ons Jeug), pp. 7-8; **Die Skietlood**, Januarie 2004, p. 4, Mei 1991, p. 1 en Februarie 1987, p. 3; Onderhoud met dr. GPV le Roux, Kovsiekerk, Bloemfontein, 2002.

30 **Die Volksblad**, 24 September 1998, p. 4; **Die Skietlood**, Januarie 2004, p. 4; Onderhoud met dr. GPV le Roux, Kovsiekerk, Bloemfontein, 2002; NG Gemeente Kovsiekampus, Visitasieverslag, 13 April 2003.

sprekke deur die studenteleraars en ouderlinge, koffiekamergesprekke en bidure, is die studente meer ontvanklik vir bearbeiding gestem. Om koerslose studente verder op die kerkspoor te bring (en waarmee sukses behaal is), is belangstellingsvraelyste voltooi om hulle by die diensaksies, Kovsieweek en WIW-week te betrek.[31]

Gemeentebou en studenteverryking is in 1994 verder gestimuleer deur die aanstelling van die eerste vroulike studenteleraar, ds. Greta Heymans, om met die hulp van die vroulike kerkraadslede 'n vertrouensverhouding met die damestudente op te bou. Die skepping van groeigroepe onder die beheer van die koshuiskerkrade om informele gebeds- en Bybelstudiegeleenthede te hou en aktuele temas soos Sondagontheiliging, voorhuwelikse seks en drankmisbruik te bespreek, was net so waardevol vir studenteverryking. Hierdie temas wat in die leefwêreld van die student gefigureer het, is in 1993 op die konferensie oor die moraliteitskrisis in die land, deur die kerkraad in samewerking met ander kerke aangebied. Uiteindelik was die doel van hierdie temas om die student van riglyne te voorsien wat hom in staat stel om voorkomend of rehabiliterend op te tree.[32]

Die doeltreffender bedieningspatrone wat die kerkraad van die Kovsiekerk sedert 1992 gevolg het, het met verloop van tyd goeie vrugte afgewerp, soveel so dat die studentelidmaattal sedert 2002/2003 van 1000 tot 1100 in 2004 gestyg het, nadat die lidmaattal van 3100 sedert 1981 geleidelik begin daal het. Die styging in die lidmaattal is ook weerspieël in die persentasiegroei van die geldelike inkomste wat in 1996 slegs 2,2% was, maar in 2002 tot 62,4% gestyg het. Dit het die 50% styging in die dankofferbydraes en die bydraes van die diensaksies ingesluit. Die styging van 100 lidmate sedert 2003 is dus enersyds bemoedigend as in aanmerking geneem word dat die totale NG studentelidmaattal aan die universiteit in 2004 soveel as 5676 is, maar andersyds 'n aanduiding is dat daar nog meer as 4500 NG studentelidmate in die koshuise en woonbuurtes is wat in die geloofskring van die Kovsiekerk ingetrek kan word.[33]

## 5. DIE STADSTUDENT

Die bearbeiding van die stadstudent is 'n steeds groter wordende uitdaging, nie slegs vir die Kovsiekerkraad nie, maar ook vir die studentekerkrade van die groter

---

31 NG Gemeente Universitas, Studentewykvisitasieverslag, 2 Maart 1986; NG Gemeente Kovsiekampus Visitasieverslag, 26 Februarie 1989, 25 Februarie 1990 en 25 April 1993.

32 **Die Skietlood**, Augustus 2002, p. 9 en Mei 1987, p.3; NG Gemeente Universitas, Studentewykvisitasieverslag, 2 Maart 1986, 18 Mei 1986 en Studentewykkerkraadsnotule, 15 Oktober 1984, pp. 391 en 398; NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkvisitasieverslag, 26 Februarie 1989, 25 April 1993 en Kerkraadsnotule, 24 Oktober 1993 en 20 Oktober 1996.

33 Vgl. **Jaarboek van die NG Kerke**, 2002, p. 174 en 2004, p. 187; NG Kerk OVS, Ring van Waterbron, 24ste Vergadering, Sakelys, 13 April 2003, p. 30; Onderhoud met GJ Olivier, Administrasie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2 September 2004.

stede soos Pretoria en Kaapstad. Die bearbeiding van hierdie studente is kompleks, omdat hulle maklik van een tuiste na 'n ander verhuis en dan van gemeente verwissel.

Die kerkraad van die Kovsiekerk het werk gemaak van sy voorneme om die stadstudent tot groter deelname aan die eredienste en diensaksies te prikkel. Studentebearbeiding in die stadsgemeentes het sedert 1998 'n groter werklikheid geword, en met die lidmaattal van ongeveer 1000 studente in die koshuise, die dienste van al drie studenteleraars geregverdig, naamlik dr. Le Roux, prof. PJ (Piet) Strauss (1995-2002) en ds. Greta Heymans (1994-tans). Dr. Le Roux het, nadat hy sy emeritaat op 31 Mei 2003 aanvaar het, as pastorale hulp aangebly totdat ds. Johan Beukes in Julie 2004 bevestig is. Die feit dat 5676 NG studentelidmate in 2004 aan die universiteit geregistreer was, waarvan slegs 1100 in die koshuise was, het beteken dat meer as 4500 studente in goedkoper huisvesting in die Universitaswoonbuurt, ouer- en studentehuise en woonstelle elders in die stad woonagtig was. Nadat die Vrystaatse sinode sedert 1998 alle vakante sinodale leraarsposte bevries het weens geldnood, het proponent Ian Willemse as sendeling van die Kovsiekerk in die middestad met evangelisasiewerk begin. Om die vraagstuk van studentebediening in die Bloemfontein-Weswoonbuurt op te los, waar in 1998 reeds ongeveer 700 lidmate woonagtig was, het die kerkraad van die Kovsiekerk ds. Christo Louw daar herontplooi om onder die kerkraad van die Bloemfontein-Wesgemeente te sorteer. Die omvang van studentebearbeiding in die Kovsiekerkgemeente, het egter genoodsaak dat ds. Louw steeds as hulpprediker daar optree. Die NG studenteleiers in die Bloemfontein-Wesgemeente het sittingsreg op die gemeentekomitee van die Kovsiekerk ontvang, om aldaar aan diensaksies deel te neem.[34]

Die jaarlikse Kovsie- en sendingweek en die studenteleierskonferensie in 2001, met sy belangwekkende tema, "impak-mense", het wye belangstelling gelok. Die weeklange konferensie is bygewoon deur studente van tersiêre inrigtings landwyd, soos die Universiteit van Potchefstroom (Noordwes), Pretoria Universiteit en die Randse Afrikaanse Universiteit (Johannesburg). Die doel was om onderlinge skakeling te bevorder en aktuele sake te bespreek soos stadsbediening, die verskil tussen die charismatiese en gereformeerde kerke en die kwessie van sending en eerstejaarsbetrokkenheid.[35]

---

34 NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule, 20 Oktober 1996, 13 September 1998, 10 Maart 2002 en 19 Oktober 2003; **Die Skietlood**, April 2002, p. 2.

35 NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule, 20 Oktober 1996; **Die Kerkbode**, 4 Mei 2001 (Bylaag: Ons Jeug); **Die Skietlood**, Augustus 2002, pp. 10-1.

Die uitreikaksies na die stadstudent het goeie vrugte afgewerp, soos weerspieël in die aantal studente in die eredienste wat die lidmaattalle in die koshuise oorskry het. Algemeen gesproke was daar, volgens ds. Louw, 'n toename aan kerklike aktiwiteite deur stadstudente.[36]

## 6. MULTIKULTURELE BEDIENING

Die multikulturele samestelling van die koshuise, het die multikulturele bediening van die bruin, swart en Asiatiese studente binne en buite die koshuise sterk op die voorgrond laat tree. Sekere omstandighede het sodanige bediening bevoordeel soos die konferensie in Februarie 1990 in Stellenbosch, toe 80 gemeentelike studenteleiers van die Kovsiekerk en ander studentegemeentes vergadering gehou het oor die sendingbegrip in die lig van die toenemende betrokkenheid van die verskeie rassegroepe op die kampusse. Daar is besluit dat sending 'n integrale deel is van die kerk, want dit veronderstel die evangelisering van alle mense, ongeag hulle ras of geloof. Gevolglik is die Kovsiekerk en sy diensgroepe sedert 1990 in beginsel oop vir lede van alle rassegroepe. Ook ongeveer 80% van die koshuisinwoners van die Universiteit van die Vrystaat is ten gunste van die oopstelling van die koshuise. Die positiewe gesindheid van die meerderheid studente het die inwoners van Huis Idahlia, 'n veelrassige koshuis met studente van verskeie kerkgenootskappe, aangemoedig om pastoraal by die Kovsiekerk betrokke te raak. Om die bearbeiding van hierdie studente te vergemaklik, bied die kerk sowel Afrikaanse as Engelse eredienste aan, om veral die swart studente wat sedert 2000 ongeveer 40% van die totale studentetal uitmaak, te akkommodeer.[37]

Met sy multikulturele bedieningspatroon het die kerkraad van die Kovsiekerk doelbewus gepoog om die geestelike bediening van studente buite die NG kerkverband op die kampus, tot sy reg te laat kom. Maar dit was ook 'n bewustelike poging van die beplanningskomitee van die kerkraad om elke geleentheid vir beter samewerking tussen die verskillende kerkorganisasies op die kampus aan te gryp, sonder om paternalisties voor te kom.

## 7. GEVOLGTREKKING

Die Christelike kerk in Suid-Afrika is tradisioneel nou betrokke by tersiêre onderwys. Op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat het die nuwe studentekerkgebou letterlik en figuurlik gemaklik staanplek gevind, danksy die welwillende

---

36 **Irawa**, 24 Maart 1998.

37 **Die Skietlood**, Mei 1990, pp. 1-2 en 4, Mei 2002, p. 1; **Die Volksblad**, 29 Januarie 1991, p. 13; **Irawa**, 21 April 1997, p. 7; NG Gemeente Kovsiekampus, Kerkraadsnotule, 17 Maart 1996; Onderhoud met dr. GPV le Roux, Kovsiekerk, Bloemfontein, 2002.

gees van samewerking tussen die universiteit en die NG Gemeente Kovsiekampus. Die Kovsiekampusgemeente is uniek, aangesien dit die enigste voorbeeld in die NG Kerk in Suid-Afrika is, waar die studentekerk op die kampus van 'n universiteit geleë en die kerkorganisasie hoofsaaklik in die hande van die studente is. Die voordeel van so 'n opset is dat die studente reeds vroeg in hulle lewe verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie geestelike bearbeiding en vir die instandhouding en goeie funksionering van die gemeente.

Die kerkraad van die Kovsiekerk het met sy "mondigwording" in 1986 nie teruggedeins vir sy verantwoordelikhede nie, ten spyte van die kritiek en kommer wat in die studentekoerant **Irawa** en in kerkliteratuur soos die jaarlikse kerkvisitasieverslae, **Die Kerkbode** en **Die Skietlood** verskyn het oor aktuele sake. Kerklose en kerkafvallige studente is doelbewus en planmatig deur die kerkraad en die koshuiskerkrade geïdentifiseer en bearbei. Die kerkraad het sy evangelisasietaak met erns benader, soos spreek uit sy streng toesig en beheer oor die werksaamhede van die koshuiskerkraadslede, die opskerping van sy middestadbediening ter wille van afvallige en kerklose studente, die verlening van pastorale hulp aan studente in die Universitas- en Bloemfontein-Wesgemeentes en die multikulturele eredienste wat ook húlle vrugte gelewer het. Die aanstelling van 'n vroulike leraar om die koshuiskerkraadslede in die dameskoshuise by te staan, het die suksesvoller bearbeiding van die damestudente moontlik gemaak.

Die kerkraad slaag ter wille van gemeentebou daarin om die tradisionele en vernuwende denke in die erediens, musiek en sang suksesvol te harmoniseer. Die inspirerende en stylvolle gemeentesangbegeleiding wat die eredienste na nuwe hoogtes gevoer het, het algemene byval by die studente gevind. Die ontvangs van die eerstejaars tydens die gewilde jaarlikse Kougomkamp, het baie bygedra tot hulle suksesvolle inskakeling by die gemeentebouaksies, tot so 'n mate dat die visitasieverslae sedert 2000 meld dat dit goed gaan met die NG Gemeente Kovsiekampus en 'n goeie onderlinge verhouding tussen die leraars, kerkraad en lidmate heers.

Die NG Gemeente Kovsiekampus het in sy relatief kort bestaan reeds sy eie karakter en gees ontwikkel, danksy die aktiewe spektrum van kerklike bedrywighede soos die ondernemende kerkraad, die diensgroepe met hulle aksies, geldinsamelingsveldtogte en sosiale bedrywighede. Die betrokkenheid van die leraars in koördinerende hoedanigheid, bygestaan deur die gemeentekomitee en kringleiers, het tot groot voordeel van die diensgroepe en aksies gestrek. Die toenemende omvang van hulle werksaamhede dui daarop dat die NG Gemeente met gemeentebou en dinamiese skoling as doelwit, in 2004 steeds van krag tot krag gegaan het.